

Saterdag 29 Februarie

Skrifgedeelte: 2 Kronieke 36:1-23; 2 Konings 24:3, 4

Fokusgedeelte: 2 Kronieke 36:12-17, 23

Die HERE bly dié getroue Koning!

Vandag kom ons aan die einde van die ses Boeke (1 en 2 Samuel, 1 en 2 Konings, 1 en 2 Kronieke) wat die HERE se bemoeienis met sy volk tydens die regering van die verskillende konings van Israel en Juda beskrywe.

Die HERE openbaar Hom in al hierdie Boeke as dié Een wie se wil geskied. Hy is Koning! Niks gebeur buite sy wil om nie. Geen haar val van ons koppe af nie – elke haar is getel! Die HERE bring die heil én onheil voort (Sb. 34:1 / Sb. 2-2:1).

Só het die HERE byvoorbeeld vir Dawid geseën (= heil), én aan die einde van die koningstyd dit beskik dat die Babiloniese ballingskap móés aanbreek (= onheil). “Sekerlik het dit volgens die bevel van die HERE oor Juda gekom, om hulle van sy aangesig te verwyder vanweë die sondes ...” (2 Kon. 24:3). “So het Hy dan die koning van die Chaldeërs teen hulle laat optrek ... Hy het alles in (die Chaldeërs se) hand gegee” (2 Kron. 36:17).

Ten spyte van die afvalligheid in die tyd van die laaste konings van Juda (vgl. 36:5, 9, 12), bly die HERE getrou aan sy verbond. Die HERE het medelye met sy volk en sy woning gehad en vroeg en laat boodskappers gestuur dat hulle hul moet bekeer, maar hulle is uitgelag (36:15, 16). Maar toe die woord van die HERE vervul is, het die HERE, die ewige Koning, vir Kores verwek en opgeroep om “vir Hom ’n huis te bou in Jerusalem” (36:23). Die ballingskap is beëindig.

Van die eerste verse van die ses Boeke tot op die laaste vers toe bewys die HERE van die Leërskaer (1 Sam. 1:3, 11), die ewige Koning, Hom genadig en almagtig, én getrou aan sy beloftes van ’n ewige Koning vanuit die huis van Dawid. Hierdie beloofde Koning het in Jerusalem met ’n doringkroon gesterf en is met ons sondes in die graf neergelê. Maar Hy het as Oorwinnaar oor die dood uit die graf opgestaan en sit nou aan die regterhand van die Vader.

Dis Christus wat die skuld wou dra ...! Niks kan ons van Gods liefde skei wat ewig-vas in Christus bly!

Sing: Psalm 23-1:1, 2, 3

Ds. AH Stavast (Arie) (Kroonstad)